# OORLOG EN 'N KOERANT

## DEUR Dr. T.S. VAN ROOYEN

(Slot)

"I must wish you all good night after list'ning to my song,
"And I hope I haven't tired you by keeping you too long;
"If the fleas will only let you, I sincerely trust you may
"Pass the night in peaceful slumbers in a quiet sort of way".

Die volgende dag het jonk en oud hierdie liedjie lustig gesing; dit was opbeurend en het dit hul aandag van veel meer ernstiger dinge afgelei. Onder die oë van die Boere op die heuwels, wat eienaardig genoeg die kamp nooit onder die lood gesteek het nie, is selfs atletiekbyeenkomste gehou.
Woensdag die 2de Februarie kon die "News of the Camp" berig dat ene C. Sussens die honderd treë in 12 sekondes gewen het.
Grappige insidente is met groot gelag oorvertel. Dit was byvoorbeeld gebruiklik om gewapende naturelle snags om die waens wag te laat staan. Enigeen wat gewaar word deur die brandwag, moet dan gedaag word en die persoon moet nader kom en dan die wagwoord vir die aand aan die brandwag fluister sodat enige Boer wat miskien in die nabyheid is nie kan agterkom wat die wagwoord is nie. Een aand toe "Dinsdag" die wagwoord was, het ene Hendrik Pinto wag gestaan vir die eerste keer. Na 'n rukkie het hy voetstappe hoor nader kom. "Oo - kom- da?" roep Hendrik onseker uit. "Just stop da, or I shoot ver quick". "Friend", roep die onsigbare persoon senuweeagtig terug. "Ah" het die nou gerusgestelde brandwag daarop van hom laat hoor, "then you must just come 'longside 'o me and say "Toosday", that's all!"

Hierdie lighartige skerts en ook die gedurige verlange na uitkoms het dan ook in vrugbare teelaarde vir optimistiese gerugte gebied sodat selfs die redakteurs die gerug dat die 91ste regiment vanaf Kimberley Potchefstroom ontset het prominent geplaas het sonder om te besef watter beswarende uit-

werking dit op die gemoedere van die ingehoktes sou hê as hierdie gerug vals blyk te wees. Verder is daar ook beweer dat Colley reeds oor die Vaalrivier is en dat die ontsetting van Pretoria nou enige dag verwag kan word. Na die opwinding wat hierdie berigte veroorsaak het, het die eerste gerugte van Britse teenslae die kamp bereik en het 'n volslae gevoel van hulploosheid en neerslagtigheid hom van die beleërdes meester gemaak sodat in die uitgawe van 2 Maart die redakteurs verplig voel om die pessimiste op te beur --- "but we counsel patience to very one, and venture to hope the time is not far distant when we shall be called upon to chronicle "the beginning of the end". Nogtans, ofskoon die redakteurs dit nie so bedoel het nie, gee die stuk die indruk van swaarmoedigheid. - Dit was dus 'n geval van hemelhoog juigend tot die dood toe bedroef!: - Hierna was die redakteurs dan ook meer versigtig met die gevolg dat daar vanaf die 9de Maart tot die 19de Maart geen verdere oorlogsnuus geplaas is nie.

Toe, op die 19de Maart, het die berigte van die slae van Ingogo en Majuba soos 'n donderslag verskyn. Na 'n volledige beskrywing van die noodlottige terugslae wat Colley gely het soos dit verskyn het in die Vrystaatse koerant "De Express" en wat deur die Boere onder beskerming van 'n wit vlag die kamp ingestuur is, probeer Du-Val sy lesers nog opbeur deur te skryf: "The present outlook is anything but pleasant; if it were only from the page of sorrow the past will in future reveal to us when we think upon the gallant comrades who have fallen in fulfilling their duty and proving their obedience as true soldiers should". Die ligghartige geskerts ten opsigte van die Boere se gewaande onvermoë om Colley terug te slinger het nou verdwyn en is daar rondborstig erken dat die militêre toestand versleg het. Angsvallig word nou aan die belofte dat versterkings gestuur sou word, dat die Britse oorwig aan getalle die Boere eenvoudig tot oorgawe sou dwing, vasgekleef. Die beleërdes moes net moed hou; aan 'n oorgawe van Pretoria sal en kan daar nie aan gedink word nie. Merkwaardig genoeg is dit dat in hierdie tyd van teenslae, hierdie tyd waarin die ingehoktes voor die naakte werklikheid geplaas is en die gemoedere hoog geloop het, toe die lied van kaptein Churchill:

"When the rebel Boer is fool enough to defy the British sway -
"But we'll teach him yet to rue it, in a quiet sort of way ---"
nie meer gesing is nie, toe die bitterheid oor die neerlae op sy felste was, die redakteurs vir geen oomblik daaraan gedink het om enige propagandistiese skeldtaal teenoor die Boere te gebruik nie, of om enige laaghartige onbeskaafde optrede aan die deur van die Boere te plaas nie.

Toe die nuus van die voorlopige vredeskikking die kamp bereik het, was, soos te verstaan, die mense baie verbitterd. Menere Du-Val en Deecker, in hul kommentaar op die vrede wat in die uitgawe van die 30ste Maart verskyn het, wys dan ook daarop dat die inwoners maande van gevaar en ongerief deurstaan het en selfs in sommige gevalle die hoogste offer gebring het, omdat aan hulle die plegtige gelofte gemaak is dat hul ontberings nie verniet sou wees nie. En nou? Nou word hulle in die steek gelaat en is dit waarvoor hulle geveg en gesterf het verniet gewees? Die stuk word dan ook afgesluit met die vraag of die vrede 'n "Peace without honour" was? - Vrede sonder eer - dit sou die begin wees van daardie vloedgolf bitterheid wat oor die hele Britse Rijk gespoel het en is die idee "Wreek Majuba!" gebore.

Op die 9de April het die 40ste en laaste nommer van die "News of the Camp" verskyn. In hierdie nommer word 'n oorsig gegee van die verloop van die oorlog en die beleëring van dorpies soos Pretoria, Marabastad, Wakkerstroom, Rustenburg, Lydenburg, Standerton en Potchefstroom. In hoeverre het dit die Boere beïnvloed om later gedurende die Tweede Vryheidsoorlog die taktiese flater te begaan om weereens groot gedeeltes van hul leërmagte te gebruik om geweste soos Kimberley en Ladysmith te beleër?

**DR. T.S. VAN ROOYEN.**

Die publikasie van hierdie blad is moontlik gemaak deur die oudste skoenwinkel in Pretoria

(Opgerig 1893)

# DE BRUYN

## *SE SKOENWINKELS*

*(Edms.) Bpk.*

Kerkstraat 285 en 143

TRIO/Pretoria